

Sing vooraf staande: Psalm 91:7 (p. 462)

7 Hoog sal jy oor die leekop stap, / vertree die roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap / wat sluipend om jou slinger.
"Hy het my lief, hom maak Ek vry / wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely / my Naam wat hoog en sterk is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 72:10 (p. 363)

10 Laat al die volke^o uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere! / Van bowe kom die seen;
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-1:11 (26:11)

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade^o is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 18:1 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte^o en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Skriflesing: 1 Konings 11

Teks: 1 Konings 11:10

**... en hom bevel gegee het omtrent hierdie saak om nie agter ander gode
aan te loop nie; maar hy het die bevel van die Here nie gehou nie!**
(1 Konings 11:10 AFR53)

Ons ontvang van die Here gawes en dan dien ons Hom na 'n ruk nie meer daarmee nie!

- Erger nog, ons bid dikwels iets van God af, wat ons later nie meer in diens van God gebruik nie!
- Dit geld nie net gawes wat ons ontvang nie, maar ook verantwoordelikhede wat ons opgelê word.

Salomo word koning. Hy is amper nog maar 'n seun. Hy is so tussen 18 en 20 jaar oud.

- Hy word deur God die verantwoordelikheid opgelê om oor die volk van God te regeer.
- Salomo besef sy jonkheid. Hy is pynlik bewus van sy menslike onvermoë.
- Hy weet dat God hom kan begenadig sodat sy regering kan slaag.

Hierdie jong koning begin met sy regering deurdat hy al sy owerstes en regters en vorste en familiehoofde na Gibeon laat gaan.

- Hy aanvaar hiermee die verantwoordelikheid om in die Naam van die Here die volk van die Here te regeer.
- Hy bring duisend brandoffers.
- Hy roep die guns van God in oor sy lewenstaak.

Daar by Gibeon bewys God die guns aan Salomo en verskyn aan hom.

- In 'n droom sê die Here vir Salomo: **Begeer wat Ek jou moet gee!**

Salomo is diep onder die indruk van sy jonkheid, en hy besef dat hy rypheid en verstand in hierdie jong lewe van hom nodig het om oor al die mense met verskillende karakters en probleme te regeer.

- Salomo vra wysheid van die Here!
- Dit was goed, en die Here beloof om aan hom 'n wyse en verstandige hart te gee.
- Die Here beloof ook om aan hom rykdom en eer te gee.

Dit was egter nie wysheid sonder meer nie! Van daardie dag af regdeur hoor ons God met Salomo praat:

En wat jou betref, as jy wandel voor my aangesig soos jou vader Dawid gewandel het, met 'n volkome hart en in opregtheid deur te doen net soos Ek jou beveel het, en my insettinge en verordeninge onderhou, dan sal Ek die troon van jou koningskap oor Israel vir ewig bevestig, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê: Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van Israel nie.

(1 Konings 9:4-5 AFR53)

En in hoofstuk 6:12:

Wat hierdie huis betref, wat jy besig is om te bou – as jy wandel in my insettinge en my verordeninge uitvoer en al my gebooe onderhou om daarin te wandel, dan sal Ek my woord wat Ek tot jou vader Dawid gespreek het, aan jou vervul;

(1 Konings 6:12 AFR53)

Elke maal hoor ons die uitdruklike voorwaarde:

- *As jy in my weë wandel ...* dan wag daar seën vir hom.
- Maar as hy nie in die wil van God volhard nie, moet hy dit uitdruklik weet dat hy deur God gestraf gaan word.

U voel die plegtigheid aan van hierdie jongman se begin. Hy smeek letterlik die seën van God af op sy werk.

- Maar u voel ook die geweldige teëstelling aan by die einde van hierdie man se lewe.
- Hy begin sy koningskap in die Naam van die Here, maar hy eindig met 'n ondergang wat deur sy vroue bewerk word.

In die Griekse vertaling van die Ou Testament begin baie van die lesings in hierdie hoofstuk so:

Verder was koning Salomo 'n liefhebber van baie vroue ... Ja, hy het baie vroue geneem.

Die Hebreeuse Bybel skryf dit weer só:

En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad ...

So het dit gebeur dat Salomo baie geloofsvreemde en volksvreemde elemente in sy paleis ingevoer het onder die dekmantel van die huwelik.

Hierdie *baie vroue* het twee afdelings gehad.

- Eerstens was daar die vorstinne.
 - Dit was die koninginne en hulle susters en ander aansienlike vrouens met wie die koning getroud was. Daar was 700 van hulle.
 - Salomo het nie met hulle getrou omdat hy hulle liefgehad het nie. Daar was ongetwyfeld sekeres onder hulle vir wie hy wel lief was, maar die meeste van hierdie huwelike was handelstransaksies.
 - Ons stuur vandag ons minister van buitelandse sake om met 'n ander land te gaan onderhandel, en dan kom hy met 'n bepaalde verdrag terug.
 - In Salomo se tyd het die een koning aan die ander een 'n vrou uit sy ryk gegee om sy welwillendheid in 'n bepaalde saak te bewys.
 - Daarom het Salomo Egiptiese, Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese en Hetitiese vroue. Dit is die mense met wie hy handel gedryf het, en met wie hy almal verdrae gehad het.
- Dan is daar die tweede groep – hy het nog 300 byvroue ook gehad.

Op grond van dié dinge stel die Bybel die saak baie duidelik.

- Hierdie nasies is al die nasies waarvan die Here baie uitdruklik gesê het dat Israel nie met hulle mag meng nie.
- Die Here gee ook die rede: Hierdie nasies is almal heidene, en hulle word nie bekeer nie; hulle sal net die volk van God van hulle godsdiens vervreem!
- Salomo wou nie die bevel van God gehoorsaam om nie met vroue uit hierdie volke te trou nie, en hy het ook die wrange vrugte daarvan gepluk.

Salomo het van God die wysheid ontvang om presies te weet wat reg en verkeerd is, maar tog trek hy nie die onderskeid soos wat God hom beveel om te doen nie!

- Hy gebruik nie die gawes waarmee God hom toegerus het om God te verheerlik nie!
- Hy beoefen nie die verantwoordelikheid wat God op hom gelê het nie.

Die voordele van sy gawes het belangriker geword. Dit het nie meer daarvoor gegaan om die volk van God in die Naam van die Here te regeer nie.

- Hy het soveel eer ingeoes as wat hy kon.
- Hy het soveel rykdom bymekaargemaak as wat maar moontlik was.
- Hy het die wysheid wat God hom gegee het hiervoor gebruik, pleks van goed oor die volk te regeer.

Die waarheid van hierdie stelling word ook bewys deur die 300 byvroue wat Salomo gehad het. Dit was die slavinne van sy vorstinne, met wie hy omgang gehad het. MAAR dit was ook meisies wat hy gekoop het!

- In hierdie tyd het die Grieke en die Feniciërs meisies uit die Weste weggevoer, deur Palestina na die Ooste toe, en hulle dan daar verkoop.
- Waarskynlik het Salomo hom ook aan hierdie misdryf skuldig gemaak.

Salomo het baie gedoen vir die buitelandse handel van Palestina.

- Vir elke handelsverdrag was daar 'n vrou van die land met wie hy die verdrag gesluit het.
- In sy eie land kon hy nie die vrou verplig om haar afgodery te staak nie, want dan was hy nie welwillend teenoor regering met wie hy die verdrag gesluit het nie.
- Op hierdie manier is sy hart al sag gemaak, en moes hy maar leer om die afgodery te verdra.
- *Gaandeweg het hy ryp geword vir hulle oortuigings, en vir die verkeerde dinge in hulle kultuur.*
 - Hy moes natuurlik soms saam met die vroue na hulle plegtighede toe gegaan het.
 - Hy moes in elke geval waar hy in die buiteland 'n verdrag gesluit het, saam met daardie koning 'n heidense offerplegtigheid bygewoon het.
 - Hy het met hierdie optrede van hom die kwaad 'n stewige vastrapplek in sy binneste gegee.

Dit verklaar ook byvoorbeeld waarom hy altare gebou het vir Istar van die Babiloniërs.

- Hy wou hulle die geleentheid gee om hulle godsdiens in sy land te kon beoefen.
 - Dit sou beteken dat hulle meer vrymoedigheid sou hê om 'n handelsending na sy land te onderneem.
 - Meer vrymoedigheid om aan hom te verkoop, maar ook om weer ander produkte van hom te koop.
 - Dieselfde geld ook Kamos van die Moabiete en die Mologdiens wat deur die Ammoniete beoefen is.

Dit was maar die historiese feite wat Salomo help val het.

- Dit is waarom die Bybel dit beklemtoon dat sy vroue hierdie val aangehelp het.
- In sy eie paleis het hy van elke soort afgod 'n aanbieder gehad. En hierdie vroue was soort van ambassadeurs vir die mense van hulle land.
- Omdat die politieke klimaat gunstig was, het hulle 'n houvas op Salomo gekry, en die feit dat hy gereeld met die afgodsdienste te doen gekry het, het hom selfs vatbaar gemaak daarvoor.

'n Groot man se einde word beskryf met die woorde dat sy vroue sy ondergang bewerk het omdat hy aan die beginsels van God nie vasgeklou het nie en mettertyd vir valse oortuiginge ook vatbaar geword het.

Ons kan Salomo nie verwyt nie.

- Ons leef ook baie keer so dat ons 'n kompromie aangaan met die verkeerde.
- Ons aanvaar baie verkeerde dinge omdat ons gewoond geword het daaraan.
- Ons het geleer om daarvoor lief te word, of ons put 'n sekere genot daaruit.

Daarom is morele en godsdienstige verval oor die hele wêreld toenemend sigbaar: Mense vra nie meer konsekwent en altyd na die beginsel wat ter sake is nie. Ons vra nie meer wat God wil nie.

Die oomblik wanneer dit gebeur, het ons ook die punt bereik waar ons ons gawes gebruik om God te verlaat en in die rug te steek, eerder as dat ons Hom daarmee aanbid.

- Daarom is Salomo se geskiedenis so belangrik. Ons moet uit hierdie geskiedenis leer wat van ons verwag word.
- Die Here verwag dat ons nooit een duim van ons beginsels sal afwyk nie.
- Hy eis van ons dat ons al ons gawes ten volle sal aanwend in sy raad.
- Let u op dat die geskiedenis van die tydsgleuf waarin ons nou lewe nie veel anders is as dié van Salomo nie? Ons sal dieselfde einde ook hê as ons nie baie versigtig lewe en ons nie bekeer nie.

Afgesien van Salomo se onkuisheid (die afgodsdienste aan die Astarte is die bewys) het Salomo se geld te hard gepraat.

- Salomo het sy goddelike wysheid en eer opgeoffer vir meer rykdom.
 - Soveel dat die laste wat hy op die volk gelê het al voor sy dood in 'n opstand ontaard het.
 - Die volk se ontevredenheid het al duidelik sigbaar geword.
- Ter wille van geld het hy die altare op die hoogtes opgerig.
 - Hierdie hoogte het later die naam “die Berg van Misdryf” gekry. So is Salomo onthou!
 - Die Berg van Misdryf het lank na sy dood bly getuig dat hy God se kinders uitverkoop het ter wille van sy eie rykdom!
 - So sal baie van ons onself ook sien as ons die dag voor God staan – mense wat baie verkeerde dinge oorgesien het ter wille van hulle eie rykdom of enige ander voordeel.

Die beginsel waarvolgens ons dan gestraf sal word, is dat ons die gawes wat God toegekom het, nie tot sy eer aangewend het nie.

Ons kan dieselfde van ons geestesgawes sê. Ons het deur die kruis en die daaropvolgende inwerking van God die Heilige Gees die gawe van geloof ontvang. Ons is geskoolde Christene wat veronderstel is om die Bybel te ken, en om ons hele lewe met gebed te bou.

- Tog het baie van ons al erg verflou.
- Baie van ons kinders ken God byna nie meer nie! Dit is ongelukkig 'n waarheid wat kwes! Baie ouers is geskok wanneer hulle die waarheid uitvind – maar dan is dit ook so dat daar ouers is wat nie die waarheid oor hulle kinders wil weet nie!
- In baie gevalle lê die fout van ons kinders se verdwalery by ons opvoeding. Die gawes wat ons het, word nie meer reg aangewend nie, want ons het al geleer om met baie verkeerde dinge saam te leef. Daarom laat ons dit ook so deurgaang in ons opvoeding.

Kom ons besin saam oor hoe ryklik God ons seën.

- Só ryk is sy seën dat Hy selfs sy Seun in ons plek laat sterf sodat ons sondes betaal is.
- Maar elke keer bly God se eis dieselfde. Soos by Salomo is die eis ook aan ons:
 - **Bly by God en sy verordeninge – versoening beteken verantwoordelikheid!**
 - Bly by die dinge wat die Here van jou verwag om na te kom.

Christus het ook gesterf sodat ons geen verskoning het vir ons moedswilligheid nie.

- Hy het die duiwel oorwin.
- Hy het God die Heilige Gees na ons toe gestuur.
 - ***Ons kan dus ons lewe met goddelike wysheid inrig: Ons alles – letterlik elke faset van ons lewe.***
 - ***Só dat nie net ons daarby baat vind nie, maar dat God daardeur verheerlik word.***

As ons nie so lewe nie, of nie so wil lewe nie, verseker die kruisdood van Christus dat ons deur God se oordeel vernietig gaan word. Want Christus sterf nie sodat ons met sy gawes roekeloos deur die lewe kan jaag nie.

Ook nie sodat ons die dinge wat Hy verwerf het vir die koninkryk van God in die wêreld moet misbruik nie.

Salomo se lewe staan baie duidelik voor ons. God praat daarmee met ons:

- Ek het jou met geestelike en materiële gawes bedien.
- Gebruik dit in my koninkryk tot my eer, en lewe tot in ewigheid.
- Of gebruik dit vir jouself en sterf die dood wat in die hel duur tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 22:9 (p. 102)

- 9 Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy, / in broederkring verkondig en bely
hoe goed U my gewees het, hoe naby. / Nakomelinge
van Jakob, volk van soveel seëninge, / en Israel, geslag van gunsteling –
laat wie God vrees uit altyd wyer kringe / sy lof vertel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 3 Oktober 2004

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 5 Oktober 2014